**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**Junie 2018**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING.</u>**

**1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

**2. Lees die instruksies baie goed.**

**3. Beantwoord <u>AL</u> die vrae**

**4. Begin elke afdeling op ’n skoon bladsy.**

**5. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

**6. Me.Jordaan, Middleton, Meiring, Bothma, Gilbert, Haluman, Ramdhani.**

**7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

**8. Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

**9. Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die leesstuk hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS A**

## TOTSIENS ANNA, JY WAS 'n DAME



1. Die tyd het gekom om totsiens te sê aan ‘n geliefde lid van ons huishouding. Ons liewe hond, Anna, moet binnekort uitgesit word.

2. Dit kom nou al ‘n paar maande. Dit het gelyk of sy ‘n abses in haar mond ontwikkel en ons is uiteindelik met haar veearts toe. Die veearts het gesê dat die ding eintlik kanker is wat teen ‘n lelike spoed groei. Hy het ons verwys na ‘n spesialis wat ons toe ‘n paar opsies gegee het. Die eerste, afhangende van hoe ver die kanker versprei het, was om die groeisel en die tande daarom uit te sny. Die tweede was om die hele linkerkant van haar kakebeen te verwyder (om mee te begin). Die derde was om dit eenvoudig te los en haar dan van haar lyding te verlig wanneer dit te erg word.

3. Ons het besluit op die derde opsie omdat ons net nie kon sien hoe hierdie agt-jarige ou hond dit sou maak deur eers één operasie nie. So hier staan ons nou, naby aan totsiens sê en ek troos myself, dat al gaan ek haar vreeslik baie mis, het sy die beste lewe moontlik by ons gehad.

4. Anna het so agt jaar gelede by ons opgedaag. Ons het uitgeloop om die chaos in die tuin uit te sorteer (dit was maar ‘n rowwe nag) en het die verteerde dingetjie in die tuin gekry waar sy verlore en halfgevrete boerewors-rolle uitgesnuffel het. Sy was nie eens bang vir ons nie, het eintlik vreeslik bly gelyk om net iemand te sien en het maklik van die melk en water gedrink wat ons vir haar gegee het.

5. Ons kon nie uitmaak waar sy vandaan gekom het nie. Sy het steke op haar maag gehad wat dit laat lyk het asof sy pas reggemaak is en sy was defnitief nie ‘n “pavement special” nie. Sy blyk so ‘n kruis te wees tussen ‘n mastiff en ‘n boerboel,

vreeslik vriendelik en met ‘n persoonlikheid wat vir niks skrik nie. Ons het aan die begin agtergekom dat sy selfs die gewoonte gehad het om haar besigheid buite die erf te gaan doen, of as jy met haar stap, sal sy agter ‘n bossie gaan wegkruip om dit te doen. ‘n Regte dame.

6. So met die tyd het Anna my en Kobus se hond geword en sy het al hoe meer lyf begin kry, meestal te doen met die feit dat Kobus maar ‘n klein hartjie het wanneer dit by diere kom en hy het haar baie “snacks” gevoer. Toe Kobus by die huis begin werk het, het sy darem meer oefening begin kry, want hy sou die gewoonte ontwikkel om twee keer ‘n dag met haar te gaan stap net na hy haar gevoer het.

7. Soos wat die ander inwoners gekom en gegaan het, het Anna maatjies bygekry en verloor totdat sy vir ‘n paar maande lank die enigste hond op die erf was. Sy het verskriklik depressief begin raak, wou omtrent niks meer doen nie en was glad nie haarself nie.

8. Ek dink wat ek die meeste van Anna sal mis, is die vriendelike manier wat sy jou met haar poot sal krap wanneer sy aandag wil hê. Of die manier wat sy soos ‘n seekoei sal snork wanneer sy eers gemaklik lê en baie gelukkig is. Ek gaan mis hoe sy soos ‘n ballerina trippel wanneer sy sien ons gaan nou stap en sy so opgewonde raak dat sy dan sommer sulke bokspringe maak. Ek gaan mis hoe sy soos ‘n Putco bus al skeefboud voor ‘n mens in die veld uithardloop.

9. Mooi loop, Annatjie, jy was ‘n hond duisend.

(Verwerk uit Rapport Mei 2016)

**<u>Vrae:</u>**

1.1. Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek? Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A-D) neer.

Die woord... (sin 1) sê dat die hond net soos die ander mense in die gesin behandel word.

A huishouding
B lid
C geliefde
D totsiens (1)

1.2. Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Die gebruik van die woord “uitgesit” in plaas van “doodgemaak” (sin 2) is ‘n voorbeeld van (alliterasie/eufemisme). (1)

1.3. Die volgende stelling is ONWAAR.
Haal ‘n sin aan om te bewys dat die stelling onwaar is.

Die eienaars het skielik besef dat iets verkeerd met die hond was. (par 2). (1)

1.4. Wat sou die eienaars doen as die hond se lyding te erg word? (1)

1.5. Paragraaf 2:

"  Die veearts het gesê dat die ding eintlik kanker is wat teen ‘n lelike spoed groei."

Verander die woord "lelike" met ‘n ander woord sodat die sin dieselfde betekenis sal hê. (1)

1.6. Skryf die volgende sinne in die korrekte (chronologiese) volgorde oor.

- Die veearts diagnoseer die hond met kanker.
- Die hond word uitgesit.
- Die eienaars dink die hond het ‘n abses in haar mond.
- Die eienaars besluit op opsie drie. (4)

1.7. Pas die beskrywing in KOLOM A by die woorde in KOLOM B. Skryf slegs die vraagnommer (1.7.1.- 1.7.4.) en letter (A – E) neer

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 1.7.1. | Die persoon wat die hond se lyding beëindig | A | Die huidige eienaars |
| 1.7.2. | Die party wat verantwoordelik was vir die regmaak van die hond. | B | Kobus |
| 1.7.3. | Die party wat verantwoordelik is vir Anna se lyf aansit | C | Die ander lede van die huishouding |
| 1.7.4. | Die party wat besluit wanneer om die hond uit te sit | D | Die vorige eienaars |
| | | E | Die veearts |

(4)

1.8. Hoe troos die skrywer van die leesstuk haarself? (1)

1.9. Wat bedoel die skrywer met "pavement special"? (1)

1.10. Gee EEN rede hoekom die eienaars Anna ‘n "regte dame" noem" (1)

1.11. Gee EEN rede hoekom Anna "meer lyf begin kry" het (par. 6 ) (1)

1.12. Wie/wat dink jy was die ander inwoners wat gekom en gegaan het (par. 7)? (1)

1.13. Watter snaakse ding het Anna gedoen as sy bly voel? (1)

1.14. Anna se eienaars het gedink dat sy ‘n baie spesiale hond was.

1.14.1. Stem jy saam met die bogenoemde stelling? Ja/Nee?
1.14.2. Haal ‘n sin aan om jou antwoord te bewys. (1)

1.15. Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek?
Skryf die vraagnommer en die korrekte letter (A-D) neer.

Die woord "verteerde" (par.4) wys dat die hond...

A klere van die waslyn geskeur het.
B baie maer en honger was.
C iets gevreet het.
D baie kwaai was. (1)

1.16. Lees weer paragraaf 4.
Daar word gepraat van "chaos in die tuin uit te sorteer".
Gee een moonlike rede waarom daar chaos in die tuin was. (1)

1.17. Noem EEN teken wat wys dat Anna depressief begin raak het (par. 7.) (1)


1.18. Dink jy dat dit 'n goeie idee is om diere wat baie siek is, se lewe tot 'n einde te bring deur hulle in te spuit?

1.18.1. Skryf JA of NEE as jou antwoord.

1.18.2. Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.18.1. (1)

(24)

**TEKS B: GRAFIEK**




**Vrae:**

1.19. Gee die name van die twee lande wie se kinders aan dieselfde persentasie kubermisdade blootgestel is. (2)

1.20. In watter land word:

1.20.1. die minste kinders aan kubermisdade blootgestel? (1)
1.20.2. die meeste kinders aan kubermisdade blootgestel? (1)

1.21. Kies die KORREKTE antwoord en skryf die vraagnommer en die letter neer.

"kubermisdade" is:

A. Misdade wat in Kuba plaasvind
B. Misdade wat op die rekenaar plaasvind.
C. Misdade wat elke dag in ons skool plaasvind (1)

1.22. Verduidelik hoekom Suid-Afrika se persentasieblok donkerder is as al die ander lande s'n. (1)

(6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B : OPSOMMING

**VRAAG 2: Hoe om jou Afrikaans te verbeter**

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die maniere waarop jy jou Afrikaans kan verbeter in SEWE sinne op.
2. Skryf die sinne PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## HOE OM JOU AFRIKAANS TE VERBETER

1. Sukkel jy met Afrikaans? Daar is maniere waarop jy jou punte in Afrikaans kan verbeter! Een van die maniere waarop jy jou punte kan verbeter, is deur jou woordeskat uit te brei.

2. Kyk na Afrikaanse televisieprogramme. Daar is programme soos 7de Laan, MK 89 en Kwêla op die KykNET-kanaal. As jy voel jy het nie genoeg tyd in die week nie, kan jy Sondae springmielies voor die televisie sit en eet en die 7de Laan-omnibus geniet.

3. Luister na goeie Afrikaanse radioprogramme. As jy na die radio luister terwyl jy jou huiswerk doen, hoor jy Afrikaans. Op Radio Sonder Grense is daar goeie programme vir tieners. Befonk is ‘n spesiale radioprogram wat handel oor alles wat vir jongmense belangrik is.

4. Daar is baie Afrikaanse liedjies wat gewild is onder jongmense wie se moedertaal nie Afrikaans is nie. Luister na Afrikaanse musiek. As jy nie weet waar om te begin nie, kyk ‘n bietjie na MK 89 en luister na die radio.

5. Die meeste leerders gebruik ‘n woordeboek net wanneer hulle opstelle skryf. Gebruik woordeboeke ook as jy ‘n woord hoor wat jy nie ken nie. ‘n Pharos Skoolwoordeboek is goed, want dit sluit nuwe woorde in.

6. Ou eksamenvraestelle is ‘n waardevolle hulpmiddel. Werk dus die vorige vraestelle uit om uit jou foute te leer. Die foute wat jy byvoorbeeld in opstelle en taalkunde gemaak het, sal jou bewus maak van jou probleem areas en jy kan seker maak dat jy nie weer dieselfde foute maak nie.

7. Het jy vriende wat goed in Afrikaans is? Gesels net in Afrikaans met jou vriende. Mag hierdie wenke jou help om jou Afrikaans te verbeter.

**Totaal Afdeling B: 10**

**AFDELING C: TAAL**
**VRAAG 3: ADVERTENSIE**
**TEKS C**

**Wat jy nie wil hê 3.1.______ , koop ons. Wat jy graag wil hê, verkoop ons.**

**Ons verkoop 'n 3.2. (wyd) reeks tuingereedskap wat in 'n 3.3. (goed) toestand is vir heelwat 3.4. (min) as wat jy sou verwag – en koop jou gehalte items by jou wanneer 3.5. _______ wil opgradeer.**

**cashconverters.co.za**

**Terme en voorwaardes geld. Cash Converters is 'n lid van die Nasionale Assosiasie van 'Franchised' Tweedehandse Handelaars. Cash Converters bied Franchise 3.6. (geleenthied).**

3.1. Vul die weggelate woord in aan die einde van die sin om dit korrek te voltooi. Skryf slegs die nommer en die woord neer.

Wat jy nie wil hê _______. (1)

3.2. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die woord neer.

Ons verkoop 'n 3.2. (wyd) reeks tuingereedskap... (1)

3.3. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die woord neer.

wat in 'n 3.3. (goed) toestand is vir... (1)

3.4. Gee die VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING vir die woord tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die woord neer.

heelwat 3.4. (min) as wat jy sou verwag (1)

3.5. Vul die weggelate PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in die oop spasie. Skryf slegs die nommer en die woord neer.

en koop jou gehalte items by jou wanneer 3.5.______ wil opgradeer. (1)

3.6. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die woord neer.

Cash Converters bied agentskap 3.6. (geleentheid). (1)

3.7. Gee 'n ANTONIEM vir die vetgedrukte woord. Skryf slegs die nommer en die woord neer.

Jy sal min geld kry vir jou ou tuingereedskap. (1)

3.8. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.8) en die letter ( A-D ) neer, byvoorbeeld 3.8. E.

Die glimlag op die Cash Converters teken wys hoe ... jy sal wees met hulle diens.

A tevrede
B ontsteld
C hartseer
D verbaas (1)

3.9. Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Cash Converters is ‘n lid van die Nasionale Assosiasie van ‘Franchised’ Tweedehandse Handelaars. (1)

3.10. Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Cash Converters verkoop baie tuingereedskap. (1)

(10)

**Vraag 4**
**INLIGTING TEKS.**
**TEKS D**
Die taalvrae wat volg is op die inligting teks hieronder gebaseer.



4.1. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Die paddas wat naby die water bly is (baie lewendig). (1)

4.2. Voltooi die VERGELYKING. Skryf net die woord neer.

Al is die padda klein, is hy so taai soos 'n __________ . (1)

4.3. Gee die AFKORTING van die onderstreepte woord.
Skryf net die afkorting neer.

Die inligting op hierdie <u>bladsy</u> is baie behulpsaam. (1)

4.4. Vul die ontbrekende VRAAGWOORD in die oop spasie in. Let op die antwoord.
Skryf net die vraagwoord neer.

___________ eiers koek so saam in 'n jellierige massa? Antwoord: 4000 (1)

4.5. Sê of die woord: "vet", in die onderstaande sin DENOTATIEF of KONNOTATIEF gebruik word.

Party spesies paddas is vet. (1)

4.6. Gee die OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies. Skryf net die woord neer.

Die (baie) paddas word in Suid-Amerika gevind. (1)

4.7. Die vel van die padda voel soos leer.

Gebruik die HOMONIEM van: <u>leer</u> in 'n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

4.8. Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies om die beskrywing eenvoudiger te maak.

Ons buurman is 'n (man wat nooit getrou het nie) en hy is dol oor paddas. (1)

4.9. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies. Skryf net die woord neer.

Daar is soveel (pad) in ons land waarop paddas elke dag doodgery word. (1)

4.10. Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies. Skryf net die woord neer.

Daar is elke dag 'n klein (verandering) soos die dier ouer word. (1)

4.11. Skryf die volgende sinne in die VERLEDE TYD oor.

4.11.1. Paddas se oë is altyd oop as hulle slaap. (1)

4.11.2. Paddas pof hulself groot op. (1)

4.12. Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD oor.

Paddas se oë is altyd oop. (1)

4.13. Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNENDE VORM.

4.13.1. Daar is nog paddavissies in die dam. (1)

4.13.2. Ek het al ‘n goliatpadda gesien. (1)

4.14. Verbind die onderstaande sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die mannetjies kwaak lekker hard. Hulle wil die wyfies lok. (omdat) (1)

4.15. Skryf die volgende sin in die INDIREKTE VORM oor.

Die onderwyser sê: “Ons noem hierdie proses metamorfose.” (1)

4.16. Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM oor.

4.16.1. Die padda het sy oë toegemaak om te sluk. (1)

4.16.2. Die mannetjie sal die wyfiepadda lok. (1)

4.17. Skryf die volgende sin oor, begin soos aangedui.

Die eiers moet na 25 dae in paddavissies verander.

Die eiers behoort... (1)

(20)

**Vraag 5**
**Strokiesprent**
**Teks D**




5.1. Kyk na raampie 1
Neelsie, jy is 'n klein GEMORS!

Wat noem ons die leesteken aan die einde van die eerste sin? (1)

5.2. Kyk na raampie 1.

Daar is 'n taalfout in die tweede sin.

Jy is 'n regte klein SKARMINKEL!

Herskryf die sin en verbeter die taalfout. (1)

5.3. Hoe kan ons aan Meneer se gesigsuitdrukking sien dat hy vir Neelsie kwaad is. Noem 2 dinge. (2)

5.4. Kyk na raampie 2.

Wat lees Neelsie se pa? Skryf net die korrekte woord neer. (1)

5.5. Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken om iemand te <u>beledig.</u> (1)

5.6. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en korrekte woord neer.

Die teenoorgestelde van beledig is (slegsê / komplimenteer) (1)

5.7. Kyk na Neelsie se lyftaal in raampies 2 en 3. Hoe weet jy dat hy nie goed voel oor homself nie? (1)

5.8. Skryf die volgende sin oor in die DIREKTE REDE.

Neelsie sê dat Meester hom 'n klein skarminkel noem.

Begin so: Neelsie sê: (1)

5.9. Wat noem ons die spesiale skoene wat ons saans, nadat ons gebad het, dra? (1)

(10)

**TOTAAL AFDELING C : 40**

**GROOTTOTAAL: 80**